17. Emeritaatsversorging

17.1 RAPPORT DEPUTATE EMERITAATSVERSORGING: KRAGTENS KERKORDE, ARTIKELS 11, 13 EN 20 (Art 216)

A. Ds LH van Schaik lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**
(Notules van die handelinge van die Deputate word as ongepubliseerde Bylaes bygevoeg.)

In hierdie afdeling word oor die algemene werk van die Deputate kragtens sy opdrag aan die Sinode gerapporteer.

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Opdrag*
Om algemene sake rondom KO, artt 11, 13 en 20 te hanteer.

1.2 *Vergaderings*

1.2.1 Die Deputate Emeritaatsversorging (verkose lede, Trustees en soos benoem) het minstens drie maal per jaar vergader om sake rakende die PPF, EVT en Mediese aangeleenthede af te handel en aan opdragte uitvoering te gee. Notules van die handelinge van die Deputate word as ongepubliseerde Bylaes bygevoeg.

1.2.2 Konsultante van o.a. ABSA, SANLAM, Advantage en Liberty Mediese Skema het jaarliks met die Deputate vir voorleggings vergader.

1.3 *Interne werksaamhede*

1.3.1 Ter aanvang van werksaamhede deur die Deputate en Trustees vir die huidige termyn is ’n opleidingsgeleentheid rakende pligte en verantwoordelikhede van Trustees en aanverwante sake gereël en aangebied.

1.3.2 Benewens ’n werksverdeling in Kommissies om sake rakende die PPF, EVT en Mediese aangeleenthede deurlopend te hanteer, is ook die volgende Komitees benoem om die vlak van werksaamhede te verhoog: Ouditkomitee, Koöperatiewe komitee (om op hoogte van pensioenwet, reglemente, ens. te bly) en Dagbestuur (om bestuurs-funksioneel die werksaamhede van die Trustees te moniteer en te laat vlot).

1.3.3 Deurlopend is per vergadering aandag aan die uitvoering van Sinode-opdragte met behulp van ’n standaardprosedurelys gegee.

1.4 *Ander werksaamhede*

1.4.1 Klassisse en Kerkrade is van tyd tot tyd besoek en navrae is beantwoord.

1.4.2 Skrywes (korrespondensie) soos nodig en opgedra, is deur die Dagbestuur afgehandel.

1.4.3 Reëlings is getref dat lede van die Deputate by geleentheid met die studente oor sake rakende die PPF en Mediese Fonds in gesprek tree.

1.4.4 Advantage het voorleggings oor die huidige stand van beleggings gedoen. Kernsake van hierdie voorlegging is in die Voorsittersverslag vervat en word in die Aanvullende Agenda opgeneem.

1.4.5 Die Trustees het alle sake in die standaardprosedurelys opgeneem waaraan in die volgende termyn aandag gegee moet word. Hierdie werkwyse dra daartoe by dat werksaamhede gekontinueer kan word.

1.4.6 Die name van kundiges om deur die Sinode vir ’n volgende termyn aangewys te word, is aan die Administratiewe Buro deurgegee.

Besluit: Punte 1.2 tot 1.4.6 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 *Dankwoord*

2.1.1 Die personeel van die Administratiewe Buro betrokke by die werksaamhede van die Deputate Emeritaatsversorging word vir hulle werk bedank.

2.1.2 Die Deputate Emeritaatsversorging dank die kerke vir die ondersteuning oor die afgelope drie jaar gestel.

Besluit: Punte 2.1.1 en 2.1.2 goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).

17.2 RAPPORT: TRUSTEES GKSA PREDIKANTE PENSIOENFONDS (Artt 217, 218, 219, 220, 221, 222, 223, 270)

A. Ds CA Jansen lewer die rapport.
B. Ds CA Jansen stel die finansiële state van die GKSA Predikante Pensioenfonds en GKSA Ongeskiktheidsfonds.
C. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
D. **Besluit:** Die finansiële state word na die Kommissie vir Finansies verwys.
E. Oudl HAJ Oosthuizen rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

F. **RAPPORT**

Die Trustees lê die volgende Rapport aan die Sinode voor.

1. Oproep

Aan alle lede van die GKSA Predikante Pensioenfonds asook Kerkrade is kennis gegee van die algemene vergadering van die Pensioenfonds wat tydens Sinode 2012 vergader.

Besluit: Kennis geneem.

2. Konstituering

Alle afgevaardigdes na die Nasionale Sinode, predikante sowel as ouderlinge, word gereken as teenwoordig met lede en Kerkrade wat op eie koste die vergadering kragtens bogenoemde oproep bywoon (tydens die Sinode). Kragtens die Wet op Pensioenfondse geskied hierdie algemene vergadering van die GKSA Predikante Pensioenfonds onder die toesig van die Raad van die Trustees van die Pensioenfonds.

(Notules van die handelinge van die Raad van Trustees word as ongepubliseerde Bylaes bygevoeg.)

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waarvan die Sinode kennis neem

3.1 **Opdragte van die Sinode**

3.1.1 *Aan die Trustees word opgedra om uitvoering te gee aan alle sake waaroor die Sinode oor die Pensioenfonds besluit het*.
Alle sake is volgens opdrag uitgevoer.

3.2 Die Sinode bedank mnr Corné Heymans hartlik vir die toegewyde wyse waarop hy betrokke was by die Trustees.

3.2.1 *Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die Reglement van die GKSA Predikante Pensioenfonds aan hulle opgedra word.*
Opdragte is deurlopend uitgevoer.

3.2.2 *Aan die Trustees word opgedra om met Kerkrade te skakel waar predikante se PGT's onder standaard is en om PGT op pariteit te bring met die versorgingsbedrae van die emeritaatsversorgingskombinasie*.

(a) Sinodebesluite van 2006 tov die bepaling van PGT's is aan die kerke deurgegee waarvolgens kerke aan Klassisse verantwoording moet doen indien Kerkrade sou afwyk van die gestelde minimumriglyn. Die riglyn vir die PGT vir 2011 is vasgestel op R270 000 per jaar. Vir 'n predikant bo 50 moet dit ongeveer tussen R360 000 en R430 000 te wees en vir predikante ouer as 60 R430 000 plus. PGT's behoort minstens met 'n minimum van 6% per jaar te styg.

(b) 'n Werksdokument vir die bepaling van die PGT van hulle predikant(e) is aan Kerkrade gestuur met nodige kontakpersone indien Kerkrade en predikante hulp in hierdie verband sou benodig.

(c) Die Trustees het die onderskeie Klassisse binne die kerkverband besoek en

aan die hand van bogenoemde werksdokument aan hulle leiding en toerusting gegee mbt die bepaling van PGT's.

(d) Jaarliks is die bedrag wat deur Kerkrade oorbetaal is vir die PPF, met hulle bevestig.

(e) Die effek van 'n te lae PGT is 'n te lae belegging namens die predikant waaruit sy pensioen betaal gaan word. Die PGT is die bedrag waarop die pensioenbydrae wat namens die predikant gemaak word, bereken word. Hierdie bydrae tot die pensioenfonds beloop ten minste 20% van die PGT. Die Kerkraad betaal 12.5% en die predikant 7.5% van die 20%.

(f) Die Predikante Pensioenfonds is 'n vaste bydraefonds. Die predikant kry dus by emeritering die bedrae plus groei, wat namens hom in die fonds belê word. As die pensioenbedrag wat namens die predikant belê word, te min is, sal die predikant se pensioen onvoldoende wees en sal die Kerkraad(e) waar die predikant gedien het, die tekort moet aanvul. Die Predikante Pensioenfonds sal in geen omstandighede aangewend kan word om tekorte weens te lae PGT aan te vul nie.

3.2.3 *Standaardprosedures as opdragte wat die Trustees deur die Hoofbeampte van die Fonds moet toesien vir afhandeling:*

Die Trustees het deurlopend verseker dat die standaardprosedures deur die Hoofbeampte van die Fonds uitgevoer is.

3.2.4 *Diverse sake voortvloeiend uit die uitvoer van opdragte*

3.2.4.1 Daar is besluit dat alle navrae ivm finansiële syfers skriftelik by die Hoofbeampte/Fondsbestuurder aangevra moet word en nie deur individuele Trusteelede hanteer mag word nie. Lede/Kerkrade kan aanspreeklik gehou word vir fooie, afhangende van die vlak van kundigheid nodig om die navraag te beantwoord, asook vir addisionele kostes wat daarvoor aangegaan moes word.

3.2.4.2 Waar predikante op grond van KO, art 13 op grond van mediese redes uit aktiewe diens tree, word Kerkrade gewys op die risiko waaraan hulle *as Kerkraad* hulle blootstel (in terme van versekerbaarheid) indien sodanige predikante dienswerk, van watter aard ook al, sou verrig en waarvoor hy vergoeding ontvang.

3.2.4.3 Kerkrade waar predikante onder KO, art 13 om mediese redes uit aktiewe diens tree, moet jaarliks skriftelik oor die stand van versorging van die betrokke predikante aan die Klassisse en Trustees rapporteer.

3.2.4.4 Lede is ingelig dat PGT's jaarliks met 'n maksimum van 20% verhoog mag word.

3.2.4.5 In hulle skrywe aan Kerkrade het die Trustees die beginsel duidelik gestel dat PGT's voldoende behoort te wees om uiteindelik ook in die mediese versorging van lede te kan voorsien.

3.2.4.6 Riglyne as hulp vir die bepaling van traktement is in 'n boekieformaat uitgegee en aan Kerkrade gestuur.

3.2.4.7 Die Trustees herinner lede daaraan dat hulle via hulle onderskeie Kerkrade met die Trustees moet kommunikeer waar dit versorgingsaangeleenthede raak, aangesien Kerkrade op die ou end vir die versorging van die predikant verantwoordelik is (KO, art 11). Die Trustees kommunikeer in sodanige sake slegs met Kerkrade.

3.2.4.8 Kerkrade waar predikante emeriteer, word daarop gewys dat die Kerkraad by die aankoop van pensioene die besluit van die emeritus oor die aanwending van sy Persoonlike Rekening uit die Pensioenfonds moet goedkeur.

3.2.4.9 Gade/eggenoteversekering kan nie na die ouderdom van 65 jaar voortgesit word nie.

3.2.4.10 Waar pensioen deur 'n emeritus aangekoop moet word, stuur die Fondsbestuurder aan 'n Kerkraad 'n lys van die instansies by wie daar belê kan word en waaruit hulle 'n keuse mag uitoefen (om in die lig van KO, art 13 en toekomstige versorging te verseker dat die gelde by 'n betroubare instansie belê word). Die alternatiewe keuse van óf die vaste groei-opsie óf die "met wins"-opsie (met waarderingsrentekoers) word aan die Kerkraad en predikant wat emeriteer, deurgegee. Die Kerkraad en predikant kan ook van 'n eie makelaar gebruik maak.

3.2.4.11 Ds DJ Dykstra en die Geref Kerke Colesberg en Bloemburg (in kombinasie) het vir 3 maande vandat Ds Dykstra se bevestiging, premies vir die GKSA PPF inbetaal en daarna betalings gestaak. Hulle skakel nie verder by die GKSA PPF in nie omdat gemeld word dat die predikant sy eie pensioenfonds het. Verskeie skrywes in hierdie verband in aan GK Colesberg en Bloemburg gerig (Bylaes ongepubliseer). Die Trustees van die GKSA PPF en die Fondsbestuurder het Kommissies van beide Kerkrade hieroor in Bloemfontein ontmoet. Hierdie saak is vir advies ook onder die aandag van Klassisse Waterberg en Suid-Vrystaat gebring (Bylae ongepubliseer). Hierdie situasie is strydig met Sinode 1994 (Acta 1994:246) se besluit asook die kombinasieakte tussen GK Colesberg en Bloemburg (Bylae ongepubliseer). Dit het tot op hede die gevolg dat Ds Dykstra wel by die GKSA PPF ingeskakel het met 'n PGT van R1 000 per jaar. Vir die Trustees, vir die verantwoordelike uitvoering van KO, artt 11, 13 en 20, is hierdie situasie nie aanvaarbaar nie.

3.2.4.12 Vroeë emeritaat en implikasies daarvan ten opsigte van onder andere KO, artt 13 en 20

Indien 'n predikant vroeër as 65 emeriteer, moet Kerkrade kennis neem dat hyself en sy Kerkraad 'n welbewuste keuse uitoefen tot mindere versorging uit die PPF.

3.2.4.13 Onderhandelings met die predikante van vormalige Sinode Middellande is tans aan die gang om by die PPF in te skakel.

3.2.4.14 Beleggingskeuses: Trustees het na wye oorlegpleging besluit om vier tipes beleggingsportefeuljes in te stel wat op die aantal diensjare tot by ouderdom 65 gebaseer word. Die portefeuljes se onderliggende beleggings verskil van mekaar ten einde 'n optimale beleggingsverspreiding vir verskillende lewensiklusse te bereik. Die portefeuljes is tans by Advantage Multifondsbestuurders geplaas en die doelwitte is soos volg:

Portefeulje	Samestelling	Waar-skynlike tyd tot aftrede	Maks. verwagte verlies	Langtermyn prestasie-teiken
1. Hoë Groei	Multibestuurder portefeulje: Belê **80%** in groei-gefokusde bateklasse en **20%** in defensief-gefokusde bateklasse	10 jaar en meer	15%	Inflasie + 7%
2. Matige Groei	Multibestuurder portefeulje: Belê **45%** in groei-gefokusde bateklasse en **55%** in defensief-gefokusde bateklasse	5 – 9 Jaar	10%	Inflasie + 5%
3. Kapitaal-beskermer	Multibestuurder portefeulje: Belê **30%** in groei-gefokusde bateklasse en **70%** in defensief-gefokusde bateklasse	minder as 5 jaar	2%	Inflasie + 3%
4. Gebalanseerd	Enkelbestuurder portefeulje: Belê **50%** in Allan Gray gebalanseerd en **50%** in Coronation gebalanseerd	Eie keuse	Aandele-gekoppel	Inflasie + 6%*

* Beraming

Die volgende verdeling van die totale fondse op 30 Junie 2011 by Advantage was

1. Aggressiewe groei R 37 722 238.45
2. Hoë groei R 51 310 705.25
3. Matige groei R 38 579 703.28

4. Kapitaalbeskermer R 19 307 270.17
5. Fondsreserwe R 3 768 024.95
Totaal R148 779 683.08

3.2.4.15 Die Trustees en lede van die Predikante Pensioenfonds sal tydens Sinode 2012 byeenkom vir 'n Ledevergadering.

Besluit: Punte 3.1.1 tot 3.2.4.15 kennis geneem.

4. Sake waaroor die Sinode besluit

4.1 **Opdragte aan die nuwe Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds**

4.1.1 Alle opdragte soos in 2009 word gekontinueer.

4.1.1.1 Aan die Trustees word opgedra om uitvoering te gee aan alle sake waaroor die Sinode oor die Pensioenfonds besluit het.

4.1.1.2 Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die Reglement van die GKSA Predikante Pensioenfonds aan hulle opgedra word.

4.1.1.3 Aan die Trustees word opgedra om met Kerkrade te skakel waar predikante se PGT's onder standaard is en om PGT op pariteit te bring met die versorgingsbedrae van die emeritaatsversorgingskombinasie. Aan die Trustees word verder opgedra om die PGT van predikante wat nie aan die minimum riglyn voldoen nie, jaarliks aan die Klassisse beskikbaar te stel, sodat Klassisse kan kennis neem van die Kerkrade wat afwyk van die gestelde minimum riglyn.

4.1.1.4 Die Trustees moet toesien dat die standaardprosedures as opdragte wat aan die Hoofbeampte opgedra is, afgehandel word.

4.1.2 Diverse aangeleenthede soos deur die Sinode goedgekeur, asook die uitvoering daarvan, moet in bovermelde opdragte bygewerk word.

4.1.3 Volgens besluit moet die Gereformeerde Kerke Colesberg en Bloemburg by die GKSA PPF inskakel met 'n PGT wat uitvoering gee aan KO, artt 11, 13 en 20.

4.1.4 Die Sinode wys Me Marli Venter van ABSA Konsultante en Aktuarisse as aktuaris vir die Fonds aan.

Besluit: Punte 4.1.1 tot 4.1.4 goedgekeur.

G. **AANVULLENDE RAPPORT**

1. Verkiesing van Trustees

Die volgende predikante is vir die termyn 2012-2014 as Trustees verkies: Di CA Jansen, PJ Nel, LH van Schaik en W Vogel. As secundi is di CJC Roets en MP Fourie verkies.

Besluit: Kennis geneem.

H. **FINANSIËLE STATE**

Kyk Addendum: Finansiële State agterin Handelinge.

Die finansiële state is jaarliks behoorlik geouditeer en opgestel volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk. Daar is ook jaarliks 'n ouditkomiteevergadering gehou, waarby 'n onafhanklike rekenmeester teenwoordig is. Tydens die vergadering word relevante sake bespreek met die ouditeur en rekenmeester.

Die Kommissie is van oordeel dat die stelsels en prosesse, vir beheer en toesig, wat goedgekeur is geïmplementeer is en goed funksioneer. Die state is ook jaarliks na hierdie vergadering aan afgevaardigdes van die Streeksinodes en deur hulle na die Klassisse en gemeentes, deurgegee.

Besluit: Verwys na die Kommissie vir Finansies.

I. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

Aanbeveling: Die finansiële state is gekontroleer en in orde gevind.

Besluit: Goedgekeur.

17.3 RAPPORT ONDERSTEUNINGSFONDS (Artt 224, 225, 226, 227, 270)

A. Ds CA Jansen lewer die rapport.
B. Ds CA Jansen stel die finansiële state van die GKSA Ondersteuningsfonds.
C. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
D. **Besluit:** Die finansiële state word na die Kommissie vir Finansies verwys.
E. Oudl HAJ Oosthuizen rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

F. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Sinode-opdragte*

1.1.1 *Die Trustees van die Fonds word bemagtig om, wanneer dit nodig word, addisionele bydraes vir die Ondersteuningsfonds te hef; hierdie addisionele bydraes, soos deur die Aktuaris bereken, te bekom by wyse van 'n oproep in die kerkverband om vrywillige bydraes vir die doel in te samel, indien nodig*.
Dit was nie vir die Trustees nodig om 'n oproep in die kerkverband te doen nie.

1.1.2 *Aan die Trustees word opdrag gegee om die verdere bestuur van die Ondersteuningsfonds te reël kragtens die Reglement hiervoor*.
(a) Die bestuur van die Fonds is volgens die Reglement gereël.
(b) Ter wille van duidelikheid is die doel van die Fonds soos volg geformuleer: Die doel van die FONDS is om die beroepsongeskiktheidsvoordele hierin beskryf aan LEDE te voorsien met inbegrip van die tyd waarin 'n lid nie deur sy Kerkraad geakkommodeer kan word nie of wat hy wag totdat hy weer 'n beroep van 'n ander Kerkraad ontvang.

Besluit: Punte 1.1.1 en 1.1.2 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Aan die benoeme Trustees word opdrag gegee om die verdere bestuur van die Ondersteuningsfonds te reël kragtens die Reglement hiervoor.
2.2 Gee uitvoering aan alle sake waaroor die Sinode besluit het.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2. goedgekeur.

G. **FINANSIËLE STATE**

Kyk Addendum: Finansiële State agterin Handelinge.
Die finansiële state is jaarliks behoorlik geouditeer en opgestel volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk. Daar is ook jaarliks 'n ouditkomiteevergadering gehou, waarby 'n onafhanklike rekenmeester teenwoordig is. Tydens die vergadering word relevante sake bespreek met die ouditeur en rekenmeester.
Die Kommissie is van oordeel dat die stelsels en prosesse, vir beheer en toesig, wat goedgekeur is geïmplementeer is en goed funksioneer. Die state is ook jaarliks na hierdie vergadering aan afgevaardigdes van die Streeksinodes en deur hulle na die Klassisse en gemeentes, deurgegee.

Besluit: Verwys na die Kommissie vir Finansies.

H. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

Aanbeveling: Die finansiële state is gekontroleer en in orde gevind.

Besluit: Goedgekeur.

17.4 RAPPORT DEPUTATE VIR EMERITAATSVERSORGING – MEDIESE AANGELEENTHEDE (Artt 228, 229, 230, 231, 270)

A. Ds PA Coetzee lewer die rapport.
B. Ds PA Coetzee stel die finansiële state van die GKSA Mediese Versorging.
C. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
D. **Besluit:** Die finansiële state word na die Kommissie vir Finansies verwys.
E. Oudl HAJ Oosthuizen rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

F. **RAPPORT**
(Notules van die handelinge van die Deputate word as ongepubliseerde Bylaes bygevoeg.)

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Sinode-opdragte*

1.1.1 *Die Sinode gee opdrag aan die Deputate om op hoogte te bly met ontwikkeling en, indien nodig, om na die eis van omstandighede te handel en aan die volgende Sinode te rapporteer*.
Deputate het die opdrag uitgevoer tesame met die hulp van ABSA Gesondheidsorgkonsultante wat die Deputate op 'n deurlopende basis van inligting en adviese voorsien het.

1.1.2 *Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om die predikante wat nog nie lede is nie in te skakel by die Mediese Skema wat deur die Deputate vir Emeritaatsversorging gereël word*.
Die opdrag is uitgevoer.

1.1.3 *Die Deputate vir Emeritaatsversorging kry opdrag om ook die Mediese Skema aangeleenthede te behartig*.
Die opdrag is uitgevoer.

1.1.4 *Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die aanvaarde Ordereëling vir die Mediese Skema aan hulle opgedra is.*
Sake soos in die Ordereëling opgedra, is uitgevoer. 'n Nuwe Ordereëling wat nou van toepassing sal wees, word in die Aanvullende Agenda opgeneem.

1.1.5 *Alles wat gedurende die Sinode besluit is, word verwoord en in die Ordereëling opgeneem.*

Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.5 kennis geneem.

2. Sake waaroor besluit word

2.1 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate om op hoogte te bly met ontwikkeling en, indien nodig, om na die eis van omstandighede te handel en aan die volgende Sinode te rapporteer.

2.2 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op Kerkrade om predikante wat nog nie lede is nie, in te skakel by die Mediese Skema wat deur die Deputate vir Emeritaatsversorging gereël word.

2.3 Die Deputate vir Emeritaatsversorging kry opdrag om ook die Mediese Skema-aangeleenthede te behartig.

2.4 Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die aanvaarde Ordereëling vir die Mediese Skema aan hulle opgedra is.

2.5 Alles wat gedurende die Sinode besluit is, word verwoord en in die Ordereëling opgeneem.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 goedgekeur.

G. **AANVULLENDE RAPPORT**

ORDEREËLING VIR MEDIESE VERSORGING VAN PREDIKANTE EN EMERITI

1. Doel

Die doel is om orde op sake te stel sodat daar vir predikante behoorlike versorging (KO, art 11) by mediese kostes is en eervolle versorging vir emeriti (KO, art 13) of hul afhanklikes (KO, art 20) ten opsigte van mediese koste is. Die akkoord van gemeenskap sover dit mediese versorging betref, word dus deur hierdie Ordereëling georden en bepaal die wyse waarop kerke mekaar se hande vat.

2. Lidmaatskap

2.1 Kerkrade skakel vir predikante in aktiewe bediening in by die gesamentlike mediese versorging wat tans deur die Deputate vir Emeritaatsversorging gereël word. Vir die huidige word dit by ‘n mediese skema gereël.

2.1.1 Uitsonderings

2.1.1.1 Predikante in Namibië wat vanweë hulle diens in Namibië inskakel by die skema wat daar plaaslik gereël word.

2.1.1.2 Predikante in besondere diens, bv kapelane, professore, ensovoorts, skakel in by die mediese skema wat die betrokke “werkgewer” vir werkers reël, of predikante wat eers ander werk verrig het en vanweë die werk aan ‘n skema kan behoort wat voordelig is, maar wat daarvoor toestemming van die Deputate moet verkry.

2.2 Alle emeriti wat tydens die aktiewe bediening lid was van die groep wat deur die Deputate vir Emeritaatsversorging gereël word, se versorging gaan voort. ‘n Persoon kan nie meer na ouderdom 65 jaar by ‘n mediese skema aansluit of van skemas verwissel nie en daarom behoort ‘n predikant, wanneer hy emeriteer, reeds lid te wees van die groep wat gereël word.

3. Voordele

Die Deputate het ‘n staande opdrag om voortdurend toe te sien dat die beste moontlike voordele vir die lede verkry word.

4. Ledegeld

4.1 *Ledegeld van predikante in aktiewe bediening*

Die ledegeld van predikante in aktiewe bediening word deur die Kerkrade aan die Administratiewe Buro betaal. Die Administratiewe Buro betaal in ‘n enkele bedrag die ledegeld van die predikante en emeriti aan die mediese skema.

4.2 *Ledegeld van emeriti*

4.2.1 Emeriti wat **net** uit die **Emeritaatsfonds** versorg word

50% van die ledegeld tot die mediese skema word deur die emeritus betaal en 50% word deur die kerkverband betaal. Die fondse wat benodig word om die deel van die kerkverband te betaal, word by wyse van ramings volgens belydende lidmate ingevorder.

4.2.1.1 Die deel wat deur die emeritus betaal word, word van die uitkering van die Emeritaatsfonds afgetrek.

4.2.2 Ledegeld van emeriti wat **sowel** deur die **Emeritaatsfonds** as uit die **Pensioenfonds** versorg word

50% word deur die kerkverband betaal en 50% word deur die emeritus betaal (of soos deur subsidieering van toepassing).

4.2.2.1 Die emeritus se deel van die ledegeld word pro rata van die uitkering van die uit die Emeritaatsfonds afgetrek en aan die mediese skema oorbetaal.

4.2.2.2 Die fondse wat benodig word vir die betaling deur die kerkverband, word by wyse van ramings per belydende lidmaat verhaal.

4.3 *Voorafbefondsing*

Mediese Voorafbefondsing (MVB) is ‘n bedrag wat by die Pensioengewende Traktement (PGT) gevoeg is om by emeritering, dood en beroepsongeskiktheid voor emeritering, die enkelbedrag/inkomste uit die Fonds aan te vul sodat die predikant/emeriti/weduwee beter in staat is om die ledegeld van die mediese fonds te betaal.

4.3.1 70% van die huidige ledegeld tot die Mediese Skema word bygetel by die PGT van die predikant en op hierdie aangepaste bedrag word bydraes tot die Pensioenfonds gemaak. Op hierdie bedrag word 20% bereken as bydrae tot die Pensioenfonds.

4.3.2 Of ‘n predikant nou lid is van die Mediese Skema al dan nie gaan hierdie befondsing op hierdie basis in die Pensioenfonds vir hom gedoen word.

4.3.3 By eventuele emeritering sal die aantal jare wat addisioneel vir befondsing opgebou is in die Pensioenfonds van die 50% van die subsidie afgetrek word.

4.3.4 Die subsidie van toekomstige emeriti word pro rata verminder, ooreenkomstig die aantal diensjare wat hy en die kerkraad geleentheid gehad het om deur die Pensioenfonds vir ledegeld tot die Mediese Skema voorsiening te maak.

4.3.5 In gevalle waar predikante onbekwaam vir diens vanweë siekte raak, word die subsidie ook net pro rata volgens verstreke diensjare betaal aangesien die verhoogde PGT verseker is.

4.3.6 Die subsidie op die ledegeld tot die Mediese Skema van toekomstige emeriti word op die volgende basis bereken: 50% subsidie deur die kerkverband minus aantal jare addisioneel bygedra X 50% gedeel deur 38 jaar. Ledegeld wat dus nie gesubsidieer word nie, word van die maandelikse versorgingsbedrag afgetrek. Predikante wat na 1 Julie 1997 in die bediening getree het ontvang geen subsidie vir hulle mediese ledegeld wanneer hulle emeriteer.

4.3.7 Ook in gevalle waar ‘n diensdoenende predikant te sterwe kom, word die subsidie tot die ledegeld van sy afhanklikes ook net gesubsidieer volgens die aantal verstreke diensjare aangesien sy verhoogde PGT verseker was. Dieselfde voorsiening geld ook vir die mediese voorsiening van afhanklike kinders.

4.3.8 Vir predikante in Namibië word voorsiening gemaak en hulle subsidie op ledegeld word betaal wanneer hulle emeriteer [vgl 2.1.1.1 hierbo].

4.4 *Vervroegde emeritering*

Indien ‘n predikant/professor om nie-mediese redes voor ouderdom 65 emeriteer, sal die subsidiëring van die Mediese Skema bydraes soos volg aangepas word:

Ouderdom emeritering	**% van Basisbedrag**
Na 64 maar voor 65 :	92%
na 63 maar voor 64 :	84%
na 62 maar voor 63 :	76%
na 61 maar voor 62 :	68%
na 60 maar voor 61 :	60%
na 59 maar voor 60 :	56%
na 58 maar voor 59 :	52%
na 57 maar voor 58 :	48%
na 56 maar voor 57 :	44%
na 55 maar voor 56 :	40%

Besluit: Goedgekeur.

H. **FINANSIËLE STATE**

Kyk Addendum: Finansiële State agterin Handelinge.

Die finansiële state is jaarliks behoorlik geouditeer en opgestel volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk. Daar is ook jaarliks ‘n ouditkomiteevergadering gehou, waarby ‘n onafhanklike rekenmeester teenwoordig is. Tydens die vergadering word relevante sake bespreek met die ouditeur en rekenmeester.

Die Kommissie is van oordeel dat die stelsels en prosesse, vir beheer en toesig, wat goedgekeur is geïmplementeer is en goed funksioneer. Die state is ook jaarliks na hierdie vergadering aan afgevaardigdes van die Streeksinodes en deur hulle na die Klassisse en gemeentes, deurgegee.

Besluit: Verwys na die Kommissie vir Finansies.

I. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

Aanbeveling: Die finansiële state is gekontroleer en in orde gevind.

Besluit: Goedgekeur.

17.5 RAPPORT THUSOFONDS (Art 232)

A. Ds PA Coetzee lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2009:249, 4.1-4.6.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Bepaal die aantal predikante en hulle afhanklikes asook behoeftes en stel 'n lys op van almal wat hulp uit die fonds benodig.*
Opdrag is uitgevoer.

2.2 *Bou die fonds op deur donasies en/of ander wyses van fondsinsameling.*
Opdrag is uitgevoer.

2.3 *'n Gedeelte (nie meer as 50% nie) van die opbrengs uit die Fonds mag gebruik word vir uitbetalings. Ramings kan, soos deur die Sinode goedgekeur, gehef word om die fonds uit te bou.*
Opdrag is uitgevoer.

2.4 *Stel 'n Reglement op vir die Thuso vir Emeriti (TVE).*

(Ordereëling het eie nommering)

ORDEREËLING
VIR EMERITAATSVERSORGING
MET BEHULP VAN DIE
THUSOFONDS
(hierna die Fonds genoem)

1. WYSE VAN VERSORGING

Die onderhoud van 'n emerituspredikant en sy afhanklikes asook van die predikantsweduwee en –wese geskied volgens KO, artt.13 en 20 deur die kerk wat hy laaste gedien het. In die geval van professore geskied die onderhoud deur die kerke gesamentlik, soos verteenwoordig deur die betrokke Kuratorium. Die kerke handhaaf 'n ooreenkoms om mekaar in hierdie versorging tot hulp te wees.

2. VERSORGINGSMIDDELE

2.1 Die middele vir die onderhoud van die versorging word voorsien deur:
2.1.1 Verpligte ramings en kollektes soos deur die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (hierna die Sinode genoem).
2.1.2 Vrywillige bydraes deur kerke en individue.
2.1.3 Die beleggingsopbrengs en indien nodig, die kapitaal van die Fonds.
2.2 Die Fonds is nie 'n pensioenfonds nie maar wel 'n reserwefonds.
2.3 Die grootte van die ramings, die aantal verpligte kollektes en die insameling van vrywillige bydraes word deur die Sinode bepaal, op aanbeveling van die Deputate vir Emeritaatversorgingtrust (hierna die Deputate genoem) aan die hand van die advies van die Aktuaris.

3. DEPUTATE EMERITAATSVERSORGINGSTRUST

3.1 Elke Sinode benoem Deputate wat ook terselfdertyd die sake van die Fonds sal hanteer.
3.2 Die mandaat van hierdie Deputate word deur die Ordereëling van die Fonds bepaal.

4. AKTUARIS

Elke Sinode magtig die Deputate om ‘n Aktuaris aan te stel wat aan die Deputate van hulp en advies moet bedien. Die aktuaris moet drie-jaarliks ‘n evaluering van die Fonds maak en moet ‘n verslag aan die Deputate verskaf wat dit dan aand ie Sinode voorlê.

5. DIE ADMINISTRATIEWE BURO

5.1 Die Administratiewe Buro (hierna die Buro genoem) is verantwoordelik vir die invordering van die ramings en kollektes, die administrasie van die gelde en die uitkeer van die emeritaatsonderhoud namens die Kerkraad/Kuratorium. Hieroor word ‘n verslag aan die Deputate en aan die Sinode verskaf.

5.2 Die adres van die Buro dien as adres vir die Deputate.

5.3 Die Emeritaatsonderhoud word as traktement maandeliks vooruit deur die Buro uitgekeer. Hoewel hierdie onderhoud om praktiese redes namens die Kerkraad/Kuratorium direk aan die versorgde uitbetaal word, kan die Deputate op gemotiveerde versoek van die betrokke Kerkraad/Kuratorium reël dat dit oorbetaal word aan die versorgde se Kerkraad/Kuratorium, of aan ‘n instansie wat die betrokkene se versorging behartig.

6. VLAK VAN VERSORGING

6.1 Die emeritaatsonderhoud dien om kerke in staat te stel om volgens hierdie Ordereëlings emeritaatsversorging te bied soos die Kerkorde dit vereis.

6.2 Aan die hand van die aanbevelings van die aktuaris stel die Deputate ‘n basisbedrag vas wat as eervolle versorging beskou word. Hierdie basisbedrag word in ooreenstemming met die besluite van die Sinode jaarliks deur die Deputate aangepas tot met die volgende Sinode. Die Deputate maak aanbevelings aan die Sinode oor die toekomstige versorgingsvlak.

6.3 Om Kerke/Kuratorium in staat te stel om hul emeriti te versorg, word die volgende formule gebruik:

6.3.1 Versorging vir ‘n egpaar: 100% van die versorgingsbedrag.

6.3.2 Enkelpersoon: 70% van 6.3.1.

6.3.3 Afhanklike kind waarvan een of albei ouers nog leef: 10% van 6.3.1.

6.3.4 Afhanklike kind waarvan albei ouers oorlede is: 20% van 6.3.1.

6.4 Vir predikante/professore wat vanweë hul diens as predikant/professor tot ander pensioenfondse bygedra het, bv. Staats- of Universiteitspensioen, word die aantal diensjare waartydens tot sodanige Pensioenfonds bygedra is, afgetrek van 6.3.1.

6.5 Waar ‘n predikant voor ouderdom 65 jaar uitdiens getree het, na die bediening teruggekeer het en dan emeriteer, word sy totale aantal voltooide diensjare vanaf aanvang tot emeritering verminder met die aantal voltooide diensjare waartydens hy buite die bediening gestaan het. Die aantal voltooide diensjare aldus verkry word uitgedruk as persentasie van die totaal. Hierdie persentasie word dan gebruik om die bedrag in 6.3.1 te bereken.

6.6 Indien ‘n emeritus jonger as 65 ‘n diens verrig of ‘n pos beklee of ‘n bedryf beoefen waarmee inkomste verkry word, moet die die emeritus en sy Kerkraad/Kuratorium oor sy versorging uit die Fonds, kan die Deputate besluit dat die versorging uit die Fonds verminder word. Indien so ‘n emeritus se versorging verminder word, moet die saak jaarliks deur die Deputate of op versoek van die Kerkraad/Kuratorium in heroorweging geneem word.

6.7 In die geval van besondere behoeftes by ‘n emerituspredikant, predikants-weduwee of wese rig die betrokke Kerkraad/Kuratorium ‘n behoorlik-gemotiveerde versoek tot die Deputate vir groter uitkering.

7. AANVANG VAN VERSORGING

7.1 Die emeritaatsonderhoud van ‘n predikant/professor neem ‘n aanvang op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waartydens hy geëmeriteer het, en nadat

die Kerkraad/Kuratorium behoorlik kennis gegee het aan die Deputate met voorlegging van die nodige stukke.

7.2 Ondanks die feit dat predikante wat in diens te sterwe kom se afhanklikes deur middel van die GKSA Predikante Pensioenfonds (hierna die GKSAPPF genoem) versorg word, sal die predikantsweduwee en afhanklikes die volle reg hê op die gebruik van die pastorie en/of toelaes soos wat van toepassing was vir huisvesting van die predikant, vir ‘n tydperk van hoogstens ses maande.

8. BEËINDIGING VAN VERSORGING

8.1 Dit is die verantwoordelikheid van die Kerkraad/Kuratorium waaraan ‘n emeritus volgens KO, artt 13 en 20 verbonde is, om die Deputate dadelik in kennis te stel van ‘n versorgde se afsterwe, sodat die onderhoud vir die oorledene gestaak en, indien toepaslik, versorgingsaanpassings vir die gesin gedoen word.

8.2 Indien ‘n predikant/professor ingevolge KO, artt 79 en 80 uit sy amp afgesit word of volgens KO, art 12 oorgaan tot ‘n ander staat van lewe, het hy en sy gesin geen aanspraak op uitkerings of onderhoud uit die Fonds nie. As daar ‘n bestaansnood by die gesin van die gewese predikant/professor is, word bystand volgens KO, art 25 aan hulle verleen deur die kerk waarvan hulle lidmate is.

8.3 As ‘n predikantsweduwee hertrou of haar lidmaatskap van die kerk beëindig (word), staak die onderhoud volgens KO, art 20 en die betrokke Kerkraad/Kuratorium moet die Deputate onverwyld van die hertroue of beëindiging van lidmaatskap in kennis stel. Indien die Kerkraad/Kuratorium van oordeel is dat vanweë besondere omstandighede ‘n uitsondering op die reël gemaak moet word, word ‘n volledig gemotiveerde versoek aan die Deputate voorgelê, wat dan aan die hand van die toeligting besluit of met die onderhoud voortgegaan moet word, en indien wel, op watter basis.

8.4 Emeriti jonger as 65 wat terugkeer tot die aktiewe bediening:

8.4.1 Sodra ‘n emerituspredikant weer aktief tot die bediening toetree voordat hy die ouderdom van 65 jaar bereik, hetsy by die gemeente waar hy geëmeriteer het, hetsy as gevolg van beroep en bevestiging in ‘n ander gemeente, staak die onderhoud wat hy en sy afhanklikes uit die Fonds gekry het en tree hy toe tot die GKSAPPF. By latere emeritering word hy dan soos volg uit die Fonds versorg: “ouderdom tydens toetrede tot die GKSAPPF.” Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke Kerkraad/Kuratorium om die Deputate daarvan in kennis te stel.

8.4.2 Indien so ‘n predikant wat as gevolg van siekte geëmeriteer het, herstel en hertoetree tot die aktiewe bediening en binne een jaar na hertoetrede as gevolg van dieselfde siektetoestand emeriteer en gevolglik op grond van die “een-jaar-uitsluitingsklousule” nie kwalifiseer vir ongeskiktheidsvoordele onder die GKSAPPF nie, word hy en sy afhanklikes weer kragtens KO, art 13 uit die Fonds verder versorg.

8.4.3 ‘n Predikant wie se emeritaat opgehef is, nie deur die Kerkraad (waar hy aanvanklik geëmeriteer het) in diens geneem en versorg kan word nie en gevolglik kragtens KO, art 11 aan die kerkverband vir beroeping bekend gestel word en op ‘n beroep wag, word, op versoek van die betrokke Kerkraad, uit die Fonds kragtens KO, art 13 versorg vir hoogstens die tydperk wat in terme van KO, art 11 deur die Kerkraad met goedkeuring van die Klassis en advies van die Deputate van die Streeksinode bepaal is.

8.5 In ‘n besondere geval waar ‘n emerituspredikant met ‘n emeritusweduwee van die GKSA in die huwelik tree, moet die betrokke Kerkraad/Kuratorium die Trustees onverwyld van die hertroue in kennis stel. Die *status quo* word by beide die emerituspredikant en emeritusweduwee behou.

9. ONDERHOUD VAN PREDIKANTSWESE

9.1 Die eie of wettig-aangenome kinders van ‘n emerituspredikant word ooreenkomstig art 6 van hierdie Ordereëlings onderhou.

9.2 Die kerklike versorging staak wanneer die predikantskind 18 jaar oud word of voor die ouderdom in die huwelik tree of selfversorgend word of die lidmaatskap van die GKSA beëindig (word). Die betrokke ouer/voog en Kerkraad/Kuratorium moet die Deputate dadelik hiervan in kennis stel.

9.3 Indien voortsetting van die onderhoud van 'n predikantskind nodig geag word na die 18e verjaarsdag, moet die betrokke Kerkraad/Kuratore jaarliks 'n behoorlik gemotiveerde versoek rig aan die Deputate, wat by die lig hiervan oordeel of onderhoud voortgesit moet word, en indien wel, tot watter mate.

9.4 As 'n predikantsweduwee hertrou of haar lidmaatskap van die kerk beëindig (word) terwyl die predikantskinders jonger as 18 jaar en steeds lidmate van die GKSA is, kwalifiseer die kinders steeds vir versorging volgens KO, art 20 tensy dat hulle wettiglik deur die stiefvader aangeneem word.

10. RAMINGSVERSPREIDING

10.1 Die Sinode stel die vereiste raming per belydende lidmaat vas, waarna die Deputate dit van jaar tot jaar aanpas tot en met die volgende Sinode.

11. PLIGTE / VERANTWOORDELIKHEID / WERKSWYSE : THUSOFONDS

Die pligte, verantwoordelikheid en werkswyse van die Deputate sal wees soos in die Ordereëling van die Fonds vasgestel.

(Einde van Ordereëling)

2.5 *Die Deputate ontvang 'n mandaat om in dringende gevalle op te tree na die beste wete van die Deputate, met verslag aan die volgende Sinode.*

Op 30 Junie 2011 is 2 emeritusegpare, 4 emerituspredikante en 4 emeritusweduwees uit die Thusofonds ontvang. R3 000 per maand vir 'n egpaar en R2 100 per maand vir 'n enkellopende.

2.6 *Twee broeders uit die voormalige Sinode Middellande moet aangewys word om op die Deputate Emeritaatsversorging te dien.*

Di JP Sithole en HH Sehoole is aangewys. Ds JP Sithole het alle vergaderings bygewoon maar ds HH Sehoole het per skrywe laat weet dat Klassis Tswane hom versoek het om die vergaderings nie by te woon nie aangesien hy nie magtiging vanaf die Klassis Tswane ontvang het om die vergaderings by te woon nie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.6 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Aan die benoeme Deputate word opdrag gegee om die verdere bestuur van die Thusofonds te reël kragtens die Ordereëlings hiervoor.

3.2 Gee uitvoering aan alle sake waaroor die Sinode besluit het.

3.3 'n Nuwe Ordereëling is opgestel en goedgekeur.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 goedgekeur.